

## **Saterdag 26 Augustus**

**Skriflesing: 1 Tessalonisense 4:1-12**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:11**

**Leef en werk tot eer van die Here deur 'n lewe van toewyding om in jou eie lewensonderhoud te voorsien**

Hoe leef ons as gelowiges in toewyding aan die Here, veral met ons werk van elke dag? Paulus gee aan ons 'n klomp opdragte waaraan ons kan toets of ons werklik in toewyding aan die Here leef en werk. Hierdie opdragte word op gesag van die Here Jesus Christus aan ons oorgedra (vs 2).

In ons toewyding aan God moet ons veral in ons eie lewensonderhoud voorsien. So word daar verwys na die gelowiges wat in die gemeente nie meer wou werk nie weens 'n verkeerde wederkomsbeskouing van Christus. Letterlik word hier dan beskryf dat elke gelowige, elkeen letterlik met sy eie hande moet werk.

Hoe beoordeel ons handearbeid? Baie keer sien ons dalk neer op mense wat met hulle hande werk verrig en sien dit as van minder belang. Die Here voorsien egter verskillende soorte werk, sodat ons in ons eie lewensonderhoud kan voorsien. Kinders van die Here is nooit skaam vir die werk wat hulle doen nie. Of jy dan in 'n kantoor sit en agter jou rekenaar werk, of dalk met pik en graaf om lande te skoffel, die Here gee aan ons werk sodat ons in ons eie lewensonderhoud kan voorsien.

Hoe kan ons so met ons werk in toewyding tot eer van die Here leef? Dit moet vir ons 'n saak van eer wees om rustig te lewe (vs 11a). Wie rustig lewe, kan rustig werk sonder enige ophef. Ons moet ons verder met ons eie sake besig hou. Wie so werk, kan werk sonder om ander te kritiseer oor die werk wat hulle doen.

Leef en werk dan in toewyding tot eer van die Here. Wees dankbaar vir die werk wat die Here aan jou gegee het. In tye van groot werkloosheid bid ons dat die Here werksgelentheid sal skep sodat al meer mense kan werk om in hulle eie lewensonderhoud te voorsien en so in toewyding aan God leef.

*Sing: Psalm 128-1:1*

*Ds. AF Berg (Fenmo) (Pongola)*